

25 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 8:23-9:8

Vertrou op Jesus in alle omstandighede

Waarom is ons soms bang vir die storms van die lewe – bang vir alles wat ons nie kan beheer nie? Is dit nie omdat ons kleingelowig is nie? Wie kan ons leed aandoen? Wie kan die kind van God aankla? Jesus Christus se almag word geopenbaar in 'n klomp gebeurtenisse wat in ons lewens kan gebeur, gebeurtenisse wat aan ons ryke vertroosting bied.

Eerstens: Jesus het mag oor die natuurelemente en ons moet volkome op Hom vertrou. Die see van Galilea is ongeveer twintig kilometer lank en dertien kilometer breed. Op hierdie see ontstaan storms baie skielik. Jesus en sy dissipels was op hierdie see toe daar 'n verskriklike storm losbars. Jesus se almag word ook in die natuurelemente geopenbaar. Maar ons sien ook die kontras tussen die "klein geloof" van die dissipels en die "groot geloof" van die offisier in Matt 8:10.20

Tweedens: Jesus het mag oor die Satan en sy demone. Die demone het besit geneem van twee mense. Maar hulle het Jesus as God geken en het Jesus gekonfronteer omdat hulle bang was vir die pyniging van die hel. Jesus openbaar sy genade deur hulle in die varke in te stuur en sodoende verlos hy twee mense van duivelbesetenheid. Daarna het een van hulle gevra om 'n dissipel van Jesus te word (Mark 5:18). Deur hierdie magdaad het Hy die man gebruik om 'n lewende getuie van Jesus Christus te wees, beginnende by sy eie huis.

Derdens: Jesus Christus het sy onmeetlike liefde aan die verlamde man bewys. Hierdie is nie 'n bewys dat alle siekte deur sonde veroorsaak word nie. Ons het hier die openbaring dat Jesus net met woorde die verlamde gesond gemaak het en die gevolg was dat hy dit verkondig het en dat die menigte God daarvoor geprys het.

Sing: Skrifberyming 5:1,2

Ds GS Kruger (Centurion)